

# Die môregebed

O barmhartige Vader, ons dank U dat U hierdie nag so getrou vir ons gewaak het, en ons bid U dat U ons wil versterk met u Heilige Gees. Laat Hy ons van nou af lei, sodat ons hierdie dag, sowel as al die dae van ons lewe, in alle geregtigheid en heiligheid deurbring.

Laat ons doel, in alles wat ons onderneem, altyd wees om u eer te bevorder sodat ons ook al die voorspoed van dit wat ons aanpak van u oorfloedige hand alleen verwag<sup>1</sup>.

Sodat ons die genade van U mag verkry, vergewe ons volgens u belofte al ons sondes ter wille van die heilige lyding en bloedvergiëting van ons Here Jesus Christus, want ons het oor dié sondes van harte berou.

Verlig ook ons harte, sodat ons alle werke van die duisternis laat staan en as kinders van die lig in volle toewyding aan U 'n nuwe lewe lei<sup>2</sup>. Gee ook u seën by die verkondiging van u Goddelike Woord. Vernietig al die werk van die duiwel. Versterk al die getroue dienaars in u kerk en ons owerhede. Vertrouws alle harte wat aangeval en benoud is. Dit bid ons deur Jesus Christus, u geliefde Seun, wat ons belooft dat U ons alles wat ons U in sy Naam bid, sekerlik sal gee en ons daarom beveel om so te bid:

Ons Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word,

laat u koninkryk kom,

laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergewe ons ons skulde,

soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Gee ons ook u genade dat ons volgens u wil mag lewe, dié wil wat U aan ons in u Wet geopenbaar het en in hierdie Tien Gebooie saamgevat is:

Ek is die Here, jou God, wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.

Die eerste gebod: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod: Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God wat die misdad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Die derde gebod: Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod: Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod: Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie.

---

<sup>1</sup> [Ps. 145:16]

<sup>2</sup> [Rom. 13:12]

Die sewende gebod: Jy mag nie egbreek nie.

Die agtste gebod: Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod: Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod: Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.